# Voëls van eenderse vere: die totalitêre ideologieë in die twintigste eeu

*LEOPOLD EN INGRID SCHOLTZ*[♦]

## Inleiding

In die Europese historiografie oor die twintigste eeu en in die teenswoordige Europese politiek was die verskyning van die epogmakende werk *Le livre noir du communisme – crimes, terreur, repression* ("Swartboek van die kommunisme – misdade, terreur, verdrukking") – op 6 November 1997 in Parys, nogal op die tagtigste herdenking van die Russiese Revolusie van 1917, 'n ware omwenteling.[1] Tot in dié stadium het die Europese historici en ander intellektuele dikwels daarvan weggeskram om die misdade van die kommunisme alte openlik te behandel. Om dit in dieselfde asem as die misdade van die Nazisme te noem, was totaal taboe. Die enigste Europese historikus wat dit, taamlik uitdagend, gedoen het, was die konserwatiewe Duitser Ernst Nolte. Sy tese dat die nasionaal-sosialisme en die misdade van die Nazi's 'n reaksie op die bedreiging van die kommunisme was, het aanleiding gegee tot 'n heftige woordestryd – die sogenaamde *Historikerstreit* – met Jürgen Habermas

♦ Prof. dr. Leopold Scholtz is adjunk-redakteur van *Die Burger* in Kaapstad en besoekende hoogleraar in die geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch. Sy mees onlangse publikasie is *Waarom die Boere die Oorlog verloor het* (Protea-Boekhuis, Pretoria, 1999). Hy is tans besig met die skrywe van 'n boek met die titel *Afrikanerskuld?*. Drs. Ingrid Scholtz is vryskut-dosent aan die Departement van Joernalistiek aan die Universiteit van Stellenbosch. Haar mees onlangse publikasie (saam met Leopold Scholtz) was *Suid-Afrika en die Nuwe Wêreldorde* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1996). Sy is tans (saam met Leopold Scholtz) besig met *Afrikanerskuld?*

1. Die uitgawe wat geraadpleeg is vir hierdie studie is uitgegee deur Arbeiderspers, Amsterdam, 1998.

*Historia*, 46(1), Mei 2001, pp. 134-58.

en Sebastian Haffner, wat nie die uniekheid van Auschwitz wou relativeer deur dit moreel met die Goelag-argipel gelyk te stel nie.[2]

Die redes vir die onwilligheid om die twee stelsels oor een kam te skeer is nie moeilik om vas te stel nie. Die kommunisme het in Wêreldoorlog II tot die oorwinnaars behoort; die Nazisme tot die verloorders. En daar steek iets van waarheid in die siniese gesegde dat die geskiedenis deur die oorwinnaars geskryf word.

Gepaard hiermee was daar 'n belangrike sielkundige oorweging: Die Sowjet-Unie, draer van die kommunisme, het ná 1945 vinnig tot 'n supermoondheid ontwikkel, een wat liefs nie alte veel geïrriteer moes word nie, een waarmee daar eerder vreedsaam saamgeleef moes word. Bowendien het die kommunistiese misdade daar ver weg, diep in die moeilik toeganklike Oos-Europa, die Arktiese gebied en Siberië, plaasgevind; dié van die Nazi's dikwels in makliker toeganklike gebiede. Verwant hieraan was die feit dat die dokumentêre bewyse oor die kommunistiese misdade (altans voor die einde van die Sowjet-Unie in 1991) totaal geheim en nie vir historici beskikbaar was nie. Die Duitse argiewe is daarenteen onmiddellik oopgestel. Die eerste neerslag daarvan het reeds tydens die Neurenberg-verhore na vore gekom, iets wat die morele verwordenheid van die Nazisme reeds vroeg in die openbare oog oopgevlek het.

Nog 'n faktor wat in aanmerking geneem moet word, is die feit dat die kommuniste in die meeste lande wat deur die Nazi's beset is – altans ná die Duitse inval in die Sowjet-Unie op 22 Junie 1941 – 'n belangrike en dikwels heldhaftige rol in die verset teen die besetters gespeel het. Dekades lank het die kommuniste dus daarin geslaag om die openbare mening daarvan oortuig te hou dat hulle onder die 'goeie ouens' was wat saam met die liberale demokrate 'n goeie stryd teen die slegte Nazi's gestry het. Ook het Wes-Europa die Duitse besetting regstreeks aan eie lyf ondervind; van die Sowjet-besetting het dié wêrelddeel gevrywaar gebly. Die historiese herinnering aan die twee stelsels verskil dus aanmerklik.

Na aanleiding hiervan het die Nederlandse politikus Frits Bolkestein – iemand met 'n nogal intellektuele benadering wat dit klaarblyklik geniet om politiek inkorrek te wees – in 1978 nog 'n faktor genoem:

> [D]e macht van de idee over de mens blijkt zo sterk te zijn dat elke misdaad word vergoeilijkt, mits die wordt gepleegd uit naam van de juiste theorie – of liever, uit naam van de juiste mythe! Dat is de mythe van de revolutie … Deze mythe is

2. Vgl. E. NOLTE, *Historikerstreit: Die Dokumentation der Kontroverse um die Einzigartigkeit der nationalsozialistischen Judenverfolgung.* (Piper, München, 1987).

> half heilsleer, half ongeduld met administratieve maatregelen die nooit meer dan deeloplossingen geven. Het is de mythe dat alles op zijn kop moet worden gezet voordat men kan beginnen aan de Nieuwe Wereld. Het is de mythe die het communisme in de ogen van velen nog steeds een zeker aantrekkingskracht verleent ….[3]

Dit is om dié rede dat die destydse burgemeester van Rotterdam, André van der Louw, in 1977 tydens ’n besoek aan China ’n ruiker by Mao Zedong se graf gaan lê en verklaar het dat “Mao in deze ontwikkelingsfase meer humane waarden heeft gerealiseerd dan welk ander mens zou zijn gelukt”.[4]

Die gevolge hiervan was opvallend. Dis nie sonder rede nie dat die Franse historikus François Furet in sy laaste boek voor sy dood oor die ná-oorlogse jare (volgens die in Engels vertaalde weergawe) skryf:

> During this period, Communism no longer had any open enemies in the West; they were in hiding or silent. ‘Anti-Fascist’ rhetoric had invaded the entire political scene, dragging behind it all of its lies, euphemisms, and unspoken opinions. Any critic of the Soviet Union was by definition banished from it: such criticism constituted a concession to Fascism.[5]

Iets later in die boek borduur hy hierop voort: Sentraal- en Oos-Europa, sê hy, is twee keer in die steek gelaat, in 1938 te München aan die Duitsers en in 1945 te Jalta en Potsdam aan die Sowjets. Die derde keer, in die jare ná Wêreldoorlog II, het egter nie deur geweld gekom nie,

> but had come through the opium of ideology, which simply suppressed its object. Daladier [Franse premier in 1938] was aware that he was letting go of Czechoslovakia, and Churchill knew that he was doing the same thing to Poland.[6]

En dan volg dié vlammende aanklag:

> The question no longer arose for Western intellectuals, since those states and their neighbors had been reduced to reference

---

3. F. BOLKESTEIN, *Onverwerkt Verleden* (Prometheus, Amsterdam 1998), pp. 49-50.
4. *Ibid*., p. 46.
5. F. FURET, *The passing of an illusion: the idea of Communism in the twentieth century* (University of Chicago Press, Chicago, 1999), p. 384.
6. *Ibid*., pp. 422-423.

> points along the road to Soviet socialism. In its extreme form, this blindness was short-lived; but it took a long time to die.[7]

En sy landgenoot, die bekende politieke kommentator Jean-François Revel, het reeds in die jare sewentig (in 'n eweneens in Engels vertaalde boek) geskryf:

> Fear of committing the sin of anticommunism, of being considered 'reactionary', … counterrevolutionary and anti-socialist, has produced among leftists and progressive liberals all over the world the habit of minimizing or passing over in silence any facts or ideas that might be disagreeable to the Communists.[8]

Die *Historikerstreit* het bewys dat dié ideologiese blindheid reeds in die jare tagtig begin verbrokkel het. Dit was ewenwel die val van die Berlynse Muur op 9 November 1989 en die vrywording van die lande agter die destydse Ystergordyn – 'n proses wat in die verbrokkeling van die Sowjet-Unie einde 1991 gekulmineer het – wat die intellektuele debat finaal vrygemaak het. Wat die debat hierna gekenmerk het, is die feit dat die anti-kommunistiese standpunt voortaan nie slegs meer deur 'regse' historici soos Nolte, Richard Pipes, Adam Ulam en Robert Conquest gestel is nie, maar deur 'linkses'. Furet is self uit 'n kommunistiese agtergrond afkomstig;[9] so ook die skrywers wat aan *Le livre noir du communisme* meegewerk het. Die redakteur van die boek, Stéphane Courtois, het dit in 'n onderhoud só verwoord:

> Elke historikus probeer veral om oor homself te praat – selfs wanneer hy iets oor die Middeleeue skryf. Wie werk dan in Frankryk op akademiese gebied oor die kommunisme? Almal mense wat óf kommuniste was óf uit die linkse beweging van 1968 stam … Ek self was 'n 'anargo-Maoïs' en het met die totale gelowigheid en onwetendheid van my twintig jaar geglo dat die Chinese Kulturele Revolusie 'n groot bevrydende daad was. Pleks daarvan: etlike tienduisende dooies! Natuurlik het *ek* hulle nie omgebring nie, maar ek voel my desondanks verantwoordelik. As historikus en as burger. Met 'n spytige *excusez-moi* is die saak nie opgelos nie.[10]

---

7. *Ibid*.
8. J-F. REVEL, *The totalitarian temptation* (Penguin, New York, 1977), p. 83.
9. F. FURET, *The passing of an illusion: the idea of Communism in the twentieth century*, p. xi.
10. Kyk M. MARTIN, "Mit einem 'excusez-moi!' ist es nicht getan" by www.oeko-net.de/kommune/kommune6-97/ZZCOURT6.html.

Teen dié agtergrond het ’n nuwe rigting toenemend in die Europese geskiedskrywing na vore getree. Sonder dat die misdade van die Nazisme ontken, verminder of selfs gerelativeer word, val die aandag toenemend (hoewel meestal baie genuanseer) op die ooreenkomste tussen die twee groot misdadige ideologieë van die twintigste eeu, die nasionaal-sosialisme en die kommunisme. Die Swartboek was die katalisator.

As ’n mens die geskiedenis van die eerste helfte van die twintigste eeu in Europa bekyk, is dit inderdaad maklik om in die verleiding te kom om die kommunisme en die nasionaal-sosialisme as mekaar se antitese te beskou. Die twee het mekaar immers as doodsvyande ervaar, en hul belangrikste eksponente, die Sowjet-Unie onder Josef Stalin en Nazi-Duitsland onder Adolf Hitler, was in die jare 1941-’45 in ‘n doodstryd met mekaar gewikkel. Bowendien, ofskoon Wêreldoorlog II elders – in Frankryk, Italië, Noord-Afrika, in die Atlantiese Oseaan en in die lugruim bo Europa – ook geen kindertuin was nie, het dit aan die Russiese front die mees grimmige karakter van waarskynlik enige oorlog in die ganse moderne geskiedenis aangeneem. Verreweg die meeste oorlogsmisdade is hier gepleeg, en dan neem ’n mens nog nie eens die volksmoord op die Jode in ag nie. Die Duitsers het op ’n ongelooflike skaal in Rusland huisgehou, en alles wat hulle daar gedoen het, het die Russe in 1944-’45 met rente in Duitsland gaan terugbetaal.

Ook in die literatuur, wetenskaplik en andersins, het aanhangers van die fascisme en die kommunisme mekaar steeds as radikale teenoorgesteldes gesien. Die fascisme, het die Sowjet-Unie in 1933 verordineer, was

> die openlike terroristiese diktatuur van die mees reaksionêre, chauvinistiese en imperialistiese elemente van die finansiële kapitaal.[11]

Selfs by hedendaagse Marxistiese historici is dit ketters om die twee ideologieë op welke manier dan ook op dieselfde morele vlak te plaas. Soos Richard Pipes dit stel:

> (T)he view that anti-Communism equals Fascism remained obligatory in countries subject to Communist censorship until the advent of Mikhail Gorbachev’s *glasnost*. It was prevalent also in foreign ‘progressive’ circles. Western scholars who had the temerity to link Mussolini and Hitler with

11. P. JOHNSON, *Modern times: a history of the world from the 1920s to the 1990s* (Phoenix Giant, Londen, 1996), p. 102.

> Communism in any way or to depict their regimes as genuine mass movements risked verbal or other forms of harassment.[12]

Tog steun die historiese feite nie sonder meer die siening dat die twee ideologieë mekaar se antitese was nie. Inteendeel, in bepaalde opsigte het hulle mekaar juis aangevul. Presies hóé – dit is die onderwerp van dié beskouing.

Die begrip *fascisme* kan verskillend benader word. Streng gesproke, is dit slegs van toepassing op Benito Mussolini se beweging in Italië. Die woord is afkomstig van die Latynse *fasces*, bondels latte met 'n byl daarin vasgebind wat die ou Romeinse diktators (wat in noodsituasies vir ses maande op 'n keer aangewys kon word) voor hulle uit laat dra het om te wys dat hulle kon slaan en doodmaak wie hulle wou. Losser vertolk, geld dit vir 'n hele groep verwante diktature in Europa, veral vir Italië self, Nazi-Duitsland, Spanje en Portugal. In Spanje het die ideologie as *falangisme* en in Duitsland as *nasionaal-sosialisme* bekend gestaan. In dié studie sal die begrip fascisme (met 'n klein "f") as generiese benaming gebruik word, behalwe wanneer spesifiek na Italië (Fascisme met 'n hoofletter) verwys word.

Onder die begrip *kommunisme* word verstaan die ideologie en stelsel wat deur veral Wladimir Lenin, Josef Stalin en Mao Zedong en hul opvolgers in die Sowjet-Unie, China en ander kommunistiese lande ingevoer is. Dit berus, kort en ongenuanseerd gestel, op die staatsbesit van alle ekonomiese produksiemiddele, en 'n politieke diktatuur.

## Die begrip 'totalitarisme'

Die begrip *totalitarisme* is vir die eerste keer in 1923 deur die Italiaan Giovanni Amendola gebesig. Dit is twee jaar later deur Benito Mussolini, leier van die Italiaanse Fascistiese Party en diktator van dié land, oorgeneem en gepropageer. Hy het gesê die Fascisme politiseer álle lewensfere, sowel "menslik" as "geestelik":

> Alles bínne die staat, niks búíte die staat nie, niks téén die staat nie.[13]

Vir sover die begrip deur akademici as konseptuele instrument oorgeneem is, is dit aanvanklik slegs ten opsigte van Duitsland en Italië gebruik.[14] Sover bekend, is dit die eerste keer in Brittanje in

12. R. Pipes, *Russia under the Bolshevik regime 1919-1924* (The Harvill Press, Londen, 1994), p. 242.
13. *Ibid*., p. 243.
14. E. Hobsbawm, *The age of extremes: the short twentieth century 1914-1991* (Michael Joseph, Londen, 1994), p. 112.

1929 op sowel die fascisme as die kommunisme toegepas,[15] maar dit was eers in 1939 dat die Brit Alfred Cobban 'n hele boek daaraan gewy het.[16]

In die jare dertig was dit veral uitgeweke Duitse akademici wat vir die Nazi's moes vlug of dit nie onder hulle kon uithou nie, wat die begrip totalitarisme verder gevoer het. Name soos Hans Kohn en Carl Joachim Friedrich was prominent in dié geledere. Die Duitse sosialis Karl Kautsky het, sonder om die begrip self te gebruik, in dié tyd daarop gewys dat sowel die kommunisme as die nasionaal-sosialisme die demokrasie wou vernietig, en dat die twee stelsels dus byna identies was. Ook die Amerikaanse historikus Carlton J. Hayes het die verskynsel enkele weke voor die uitbreek van Wêreldoorlog II in 'n referaat, *The Novelty of Totalitarianism in the History of Western Civlilization*, ondersoek. Ná Wêreldoorlog II het dit op beduidende skaal onder veral Duitse historici en politieke wetenskaplikes ingang begin vind, waarby Hannah Arendt se bekende *The Origins of Totalitarianism* 'n belangrike rol gespeel het. En toe was dit teen die verbete teenstand van linksgesinde kollegas, wat die implisiete morele gelykstelling tussen die twee rigtings verwerplik gevind het. Dié skrywers het gemeen die totalitêre model neem nie die wyd uiteenlopende doelstellings van die twee stelsels in ag nie. Veral in Frankryk het dit nog tot die laat jare sestig geduur voordat akademici daaraan begin byt het, ofskoon 'n uitsondering soos Raymond Aron dit reeds vroeër begin doen het. En in Amerika is belangrike werk in dieselfde tyd deur Zbigniew Brzezinski, Robert Conquest en Richard Pipes gedoen.[17]

Die jongste neiging is oorwegend om nie meer die tradisioneel linkse onderskeid tussen *linkse* (= kommunistiese) en *regse* (= fascistiese) diktature – met die implikasie dat eersgenoemdes nie so sleg soos laasgenoemdes was nie – te aanvaar nie. Dit is waar dat daar *inhoudelik* beduidende verskille tussen die twee is. Die moderne neiging is egter toenemend om te kyk na die *wyse* waarop die twee hulle in die praktyk gemanifesteer het, pleks van om slegs die inhoudelik ideologiese verskille te beklemtoon. Een van die

15. I. KERSHAW, *The Nazi Dictatorship. Problems and Perspectives of Interpretation* (Edwin Arnold, Londen, 2000), p. 21.

16. A. COBBAN, *Dictatorship. Its History and Theory* (Jonathan Cape, Londen, 1939), passim.

17. U. BACKES, "Totalitarismus – ein Phänomen des 20. Jahrhunderts" T. NIPPERDEY, A. DOERING-MANTEUFFEL en H-U THAMER (Reds.), *Weltbürgerkrieg der Ideologieen: Antworten an Ernst Nolte. Festschrift zum 70. Geburtstag* (Propyläen, Frankfurt, 1993), pp.244-250; F. FURET, *The passing of an illusion: the idea of Communism in the twentieth century*, pp. 158-160 en 203-208.

belangrikste voorstanders van dié neiging, François Furet, skryf byvoorbeeld dat die begrip nie meer slegs verwys na

> the absolute power of a despot who is not subject to the law, but to a state that controls the entire society by absorbing all individuals within it.[18]

Die Britse Hitler-kenner Ian Kershaw noem dit

> a wholly legitimate exercise, whatever essential differences existed in ideology and socio-economic structures, to compare the forms and techniques of rule in Germany under Hitler and the Soviet Union under Stalin …[19]

En in ’n aanhaling wat veral in Frankryk ‘n storm veroorsaak het, skryf Stéphane Courtois:

> Die hongerdood van ’n Oekraïense koelakkekind wat willens en wetens uitgehonger is deur die Stalinistiese regime, ‘weeg op’ teen die hongerdood van ’n Joodse kind in die ghetto van Warschau wat uitgehonger is deur die Nazi-regime.[20]

Teen dié agtergrond word deesdae eerder tussen *totalitêre* en *outoritêre* diktature onderskei. Sonder om in die jarelange en diepgaande debat hieroor vas te val, kan gekonstateer word dat laasgenoemde diktature soos dié van genl. Francisco Franco in Spanje, Antonio Salazar in Portugal, Iohannis Metaxas in Griekeland en Josef Pilsudski in Pole insluit, terwyl voorbeelde van eersgenoemdes dié van Mussolini in Italië, Hitler in Duitsland, Lenin en Stalin en hul opvolgers in die USSR, en Mao Zedong in China was. Ons kom later terug op die sistemiese ooreenkomste tussen dié totalitêre diktature.[21]

Die essensiële verskil tussen outoritêre en totalitêre diktature is eenvoudig. Eersgenoemde baken vir homself ’n sentrale terrein af waaroor hy die alleenheerskappy voer, en laat die res van die samelewing dan aan die burgers oor. Met ander woorde, burgers kan byvoorbeeld toegelaat word om tot enige kerk te behoort, maar die oomblik as die kerk die terrein betree wat die owerheid as sý domein beskou deur homself met die politiek te bemoei of die regering te kritiseer, slaan hy terug en vervolg die ‘skuldiges’. Vir die totalitêre

18. F. FURET, *The passing of an illusion: the idea of Communism in the twentieth century*, p. 158.
19. Kershaw, *The Nazi Dictatorship*, p. 34.
20. S. COURTOIS, “De misdaden van het communisme” in *Zwartboek van het communisme: misdaden, terreur, onderdrukking*, p. 23.
21. Ofskoon ’n moderne historikus soos Mark Mazower steeds meen dat die verskille groter is as die ooreenkomste. Kyk sy *Dark Century. Europe’s Twentieth Century* (Penguin, Londen, 1998) p. 37.

diktatuur is daar egter geen enkele lewensterrein waar hy nié sy invloed wil laat geld nie. Tot in die verste uithoeke van die samelewing – die kerke, die ekonomie, die wetenskap, bokketelersverenigings en skaakklubs – die ideologie moet oral aanwesig wees en alle terreine beheers.

Die implikasie hiervan is natuurlik dat outoritêre diktature inherent *konserwatief* is – hulle wil alles behou soos dit is en so min moontlik laat verander. Daarteenoor is totalitêre diktature inherent *revolusionêr* – hulle wil alles platloop en grondig verander. Daarom kan iemand soos Franco nie werklik in een asem met Hitler of Stalin genoem word nie.

Die voorgeskiedenis van die totalitarisme kan teruggevoer word tot die Franse Revolusie van 1789, 'n waterskeiding in die Europese geskiedenis wat, ironies, ook aanleiding gegee het tot die liberalisme, wat in die twintigste eeu die werklike antitese van albei totalitêre ideologieë sou word. J.L. Talmon kom na aanleiding van 'n ondersoek van die destydse revolusionêre idees tot die gevolgtrekking dat die Revolusie se klem op die individu daartoe gelei het dat

> all differences and inequalities had to be eliminated. And so very soon the ethical idea of the rights of man acquired the character of an egalitarian social ideal. All the emphasis came to be placed on the destruction of inequalities, on bringing down the privileged to the level of common humanity, and on sweeping away all intermediate centres of power and allegiance, whether social classes, regional communities, professional groups or corporations. Nothing was left to stand between man and the State.[22]

Die nastreef van die liberale idee van menseregte of *vryheid* het dus regstreeks gelei tot sy teoretiese teenoorgestelde, naamlik *gelykheid*. Dit was die teorie: in die praktyk, so leer die jongste navorsing, was dit juis die grondeienaars en die *bourgeoisie* wat ekonomies die meeste voordeel uit die revolusie behaal het.[23]

Nietemin, deurdat die Franse Revolusie niks tussen die individu en die staat wou laat staan nie, het dit die weg geopen dat die staat aansienlik meer mag kon kry. En met die heilige oortuiging dat slegs húlle reg het, het dit die poorte tot die eerste vorms van totalitarisme geopen en van iemand soos Robespierre 'n soort proto-Lenin gemaak. Soos Marvin Perry dit stel:

---

22. J.L. TALMON, *The origins of totalitarian democracy* (Secker & Warburg, Londen, 1952), p. 250.
23. W. DOYLE, *The Oxford history of the French Revolution* (Oxford University Press, Oxford, 1989), pp. 407-408.

> Deeply devoted to republican democracy, Robespierre and his fellow Jacobins viewed themselves as bearers of a higher faith. Like all visionaries, Robespierre was convinced that he knew the right way, that the new society he envisaged would benefit all humanity, and that those who impeded its implementation were not just opponents but sinners who had to be liquidated for the good of humanity.[24]

Op dié manier was die revolusie, interessant genoeg, die oorsprong van albei twintigste-eeuse totalitêre ideologieë.

Dié stelling word verder bevestig deur die regime van Napoleon Bonaparte, 'n Korsikaan van geboorte en uit die middestand afkomstig, wat in sekere sin ook as 'n proto-totalitêre diktatuur geklassifiseer kan word. Die strengheid van die Napoleontiese regime was weliswaar verreweg nie so erg soos dié van Nazi-Duitsland of die USSR nie, al was dit slegs omdat die tegnologie destyds nie ver genoeg ontwikkel was om 'n geïndustrialiseerde – en dus veel doeltreffender – diktatuur moontlik te maak nie. Tog kan Napoleon se diktatuur in talle opsigte as 'n prototipe van die twintigste-eeuse totalitêre diktature beskou word. Ondanks die feit dat hy die tradisioneel-monargale titel *keiser* aanvaar het, was dit naamlik veel meer as bloot 'n outokrasie soos die tradisionele Franse monargie. Dit het voortgebou op die verwording van die Revolusie en was inderwaarheid 'n populistiese diktatuur deurdat dit op die Franse massa gesteun het en nie sonder dié steun kon voortbestaan nie. Napoleon se regime het daarom ook die eerste voorbeeld van massa-propaganda opgelewer. Selfs die pers is as propagandamedium ingespan met as oorkoepelende doel om 'n allesoorheersende nasionalisme by die gewone Franse aan te wakker en Napoleon se greep op die volk te versterk. Die populisme is aangevul met 'n uitgebreide onderdrukkingsapparaat – geheime polisie, verklikkers, ensovoorts. Die ooreenkomste tussen Napoleon se regime en die twintigste-eeuse totalitêre diktature is fundamenteel.[25]

Die Napoleontiese tyd is in Europa opgevolg deur 'n proses wat 'n absolute voorwaarde vir die ontstaan en opkoms van die totalitarisme sou wees: die Nywerheidsomwenteling of Industriële Revolusie. Dit was 'n proses waardeur spierkrag – hetsy van mense of diere – as energiebron vir die ekonomiese produksieproses vervang is met natuurkragte soos stoom, elektrisiteit, die binnebrandmasjien en later ook kernkrag. Dit het die produksie van allerlei artikels, van kos en

24. Marvin Perry, *An Intellectual History of Modern Europe* (Houghton Mifflin, Boston, 1993), pp. 158-159.

25. Vgl. hieroor Desmond Seward, *Napoleon and Hitler. A Comparative Democracy* (Constable, Londen, 1996), veral hoofstuk 4.

klere tot kanonne en missiele, enorm vergemaklik en bespoedig. En hierdeur kon despote hul regering vir die eerste keer werklik só doeltreffend maak dat hulle toegang tot alle lewensfere kon kry.

Saam het dié twee omwentelings, die Industriële Revolusie en die Franse Revolusie – wat Eric Hobsbawm "this dual revolution" noem[26] – die wêreld onherkenbaar verander en regstreeks aanleiding gegee tot die opkoms van die moderne nasionale staat. 'n Nuwe samelewing het daarin ontstaan, met die nuwe massamens waaroor José Ortega y Gasset in 1930 sy invloedryke *Revolusie van die Massa* gepubliseer het en wat volgens hom sy individualiteit verloor het en dus veel meer ontvanklik vir die totalitêre diktatuur was.[27]

Dit is dus geen wonder nie dat die eerste werklik totalitêre diktature pas hul intrede in die twintigste eeu gedoen het nie.

Tog was nóg 'n voorwaarde nodig. Sonder die dramatiese koerswysiging wat Wêreldoorlog I in die geskiedenis gevorm het, sou waarskynlik nóg die fascisme nóg die kommunisme ooit kon wortel skiet. Dié konflik, die eerste waarin die produkte van die Industriële Revolusie die slagvelde as 't ware in doodsfabrieke omgeskep het, het 'n enorme vertrouenskrisis op feitlik alle terreine teweeg gebring. Die matelose optimisme wat die laaste helfte van die negentiende eeu toenemend gekenmerk het, is opeens wreed doodgedruk.

Nietemin het die Vrede van Versailles aanvanklik na 'n triomf vir die demokrasie gelyk: voor 1914 was daar slegs drie republieke in Europa, ná 1918 was daar dertien. Hobsbawm skryf:

> [T]he strains of twentieth-century total war on the states and peoples involved in it were so overwhelming and unprecedented that they were almost bound to stretch both to their limits, and, as like as not, to breaking-point. Only the USA came out of the world wars very much as it had gone into them, only rather stronger. For all others the end of wars meant upheaval.[28]

Dit was nie bloot 'n kwessie van ontwrigting nie. In Rusland was die oorlog die regstreekse oorsaak vir die omverwerping van die tsaristiese regime en sy vervanging deur aanvanklik 'n burgerlik-liberale bewind en 'n paar maande later 'n kommunistiese diktatuur. In Duitsland is die keiserryk se plek aanvanklik deur 'n demokrasie

---

26. E. HOBSBAWM, *The Age of Revolution* (Weidenfeld & Nicolson, Londen, 1962), pp. 2 en 3.

27. Vgl. M. PERRY, *An intellectual history of Modern Europe* (Houghton Mifflin, Boston, 1993), pp. 428-429.

28. E. HOBSBAWM, *The age of extremes: the short twentieth century 1914-1991*, p. 55.

ingeneem. Omdat dié demokrasie egter in die nasionale vernedering van die Vredesverdrag van Versailles ontvang en gebore is, was die legitimiteit van die stelsel altyd laag. En toe 'n ekonomiese krisis die reeds bestaande teenstellings vererger, het dit uiteindelik die weg geopen vir Adolf Hitler om die mag in Duitsland oor te neem. Hitler se bewindsoorname was op sy beurt regstreeks vir die uitbreek van Wêreldoorlog II – wat in die praktyk eintlik maar die tweede ronde was van wat die Europese Burgeroorlog van 1914-'45 genoem kan word – verantwoordelik. Geen Eerste Wêreldoorlog = geen kommunistiese diktatuur in Rusland = geen fascistiese diktatuur in Duitsland nie.[29] Só eenvoudig is dit.

## Ooreenkomste en verskille

In 'n prikkelende hoofstuk in een van sy boeke behandel Richard Pipes[30] die ooreenkomste tussen die fascisme en die kommunisme onder drie hoofde, te wete die regerende party, die regerende party en die staat, en die regerende party en die samelewing.

- Wat eersgenoemde betref, wys Pipes daarop dat alle outokrasieë tot in dié stadium uit 'n regering en geregeerdes bestaan het. Lenin was die eerste diktator wat 'n derde element bygebring het, die party, en dit is later deur die Italiaanse Fasciste en Duitse Nazi's nagevolg. Al drie partye, die Kommunistiese Party in Rusland, die Fascistiese Party in Italië en die Nasionaal-Sosialistiese Duitse Arbeidersparty, was in mindere of meerdere mate eksklusief wat betref lidmaatskap. Om partylid te wees, was om deel van 'n elite te wees. Aan die spits van al drie het gestaan 'n leier aan wie byna goddelike vermoëns van onfeilbaarheid toegeskryf is. Wat hulle besluit het, het nie deur 'n demokratiese proses van koppestamp en debatvoering geskied nie, maar is per dekreet van bo af verordineer. 'n Persoonlikheidskultus is in al drie partye rondom die leier – die *Wozjd*, die *Duce* of die *Führer* – gebou.
- Ten opsigte van die verhouding tussen party en staat sê Pipes die verskil tussen die twee het verdwyn; die staat is volkome deur die party oorgeneem, al het die party 'n organisatoriese onafhanklikheid gehandhaaf. Alle instellings wat die mag van die staat beperk het, soos die parlement of plaaslike bestuur, is

29. Vgl. die prikkelende ontleding van N. FERGUSON in sy *The Pity of War* (The Allan Lane, Londen, 1998), pp. 458-460, en die hoofstuk "The Kaiser's European Union: What if Britain had 'stood aside' in August 1914?" in N. FERGUSON (Red.), *Virtual History. Alternatives and Counterfactuals* (Papermac, Londen, 1998).

30. R. PIPES, *Russia under the Bolshevik regime 1919-1924*, pp. 264-278.

ingesluk of ontkrag. Om die gesag van die party te handhaaf, het al drie ’n geheime polisie (in Rusland agtereenvolgens die Tsjeka, OGPU, NKVD en KGB; in Duitsland die Gestapo en SS; in Italië die OVRA en “Spesiale Tribunale”) in die lewe geroep wat nie aan die normale wette gebonde was nie. In al drie gevalle is die fiksie bowendien gehandhaaf dat die regime op die algemene steun van die bevolking kon staatmaak. Skynverkiesings en -referendums is met gereelde tussenposes gehou waarin die uitslag by voorbaat reeds vasgestaan het. Die band tussen die party en die bevolking is met gereelde en uitvoerige openbare rituele soos parades en optogte verstewig.

- Al drie state was totalitêr van aard, nie bloot outoritêr nie. Tog het die Italiaanse Fasciste en Duitse Nazi’s die maatskaplike instellings wat hul beheer nie bedreig nie, private besit en private maatskappye, onaangetas gelaat. Die Russiese kommuniste het die samelewing veel radikaler getransformeer. Dit was weliswaar vir hulle makliker om dit te doen, aangesien die burgerlike samelewing in Rusland baie swakker ontwikkel was as in Italië en Duitsland. Ten opsigte van ander sake soos die pers en meningsvryheid was daar geen verskil nie: almal het elke sprake van onafhanklike denke in die burgerlike samelewing heeltemal die kop ingedruk.

Een van die belangrikste ooreenkomste, wat Pipes nie noem nie, was die afkeer wat albei stelsels van die liberale demokrasie en die bourgeoisie as belangrikste draer van die liberalisme gehad het. Dit het die aanhangers van die twee ideologieë soms baie naby aan mekaar gebring. Georges Valois, lid van die fascistiese Franse beweging *Action Française* het dit in 1925 treffend verwoord:

> Ongeag welke een oorwin en die ander een absorbeer, sal die kommunisme in Rusland en die Fascisme in Italië identiese gevolge hê. Geen parlement, geen demokrasie, ’n diktatuur, ’n nasie wat homself vorm. Wanneer die bourgeoisie uitgeskop is, sal die bondgenootskap tussen staat en volk almal aan die nasionale dissipline laat konformeer … *Action Française* het die beste van die Fascisme en van die sosialisme geneem. In Europa word dit ’n sintese van al die positiewe anti-demokratiese elemente.[31]

’n Verdere ooreenkoms is die feit dat sowel die fascisme as die kommunisme ’n uiteindelike utopiese heilstaat in die vooruitsig stel. Dit is dus ’n lineêre geskiedenisbeskouing wat nogal ooreenkomste

31. F. FURET, *The passing of an illusion: the idea of Communism in the twentieth century*, p. 304.

met dié van die Christelike geloof toon, een wat – om 'n moderne uitdrukking te gebruik, sou uitmond in Francis Fukuyama se 'end of history'. Daaruit voortvloeiend maak albei aanspraak op 'n absolute monopolie oor die waarheid: slegs húlle is die korrekte vertolker van die waarheid; al die ander is ketters wat teen elke prys verdelg moet word. Hans Maier[32] plaas die volgende twee aanhalings, die eerste van Wladimir Lenin en die tweede van die Nazi-leier Reinhard Heydrich naas mekaar om die punt te illustreer:

> Wat deur dwang geskied, roep die geskreeu en gehuil van die burgerlike demokrasie op, wat die woorde 'vryheid' en 'gelykheid' rondstrooi, sonder om te begryp dat die vryheid vir die kapitaal 'n misdaad teen die werkers is. Ons het in die stryd teen die leuen die standpunt ingeneem dat ons die werkplig en die saamsnoer van die werkers moet deurvoer, sonder om daarby in die geringste vir dwang terug te deins; want nêrens is 'n revolusie sonder dwang deurgevoer nie, en die proletariaat het die reg om dwang aan te wend om homself te handhaaf. (Wladimir Lenin, 1920.)

> Om ons volk te behou, moet ons hard teenoor die teenstander wees, op die gevaar af dat ons dié teenstander kan seermaak en eventueel ook deur talle sekerlik welmenende mense as onbeheerste woestaards verwyt kan word. As ons as Nasionaal-Sosialiste naamlik nie ons historiese plig vervul nie omdat ons te objektief en menslik was, sal die mense nie versagtende omstandighede in ag neem nie. Daar sal eenvoudig gesê word: Voor die geskiedenis het u u plig nie vervul nie.(Reinhard Heydrich, 1935.)

Ofskoon historiese vergelykings in beginsel 'n legitieme werkwyse is, veral omdat dit sake wat andersins verborge sou bly, skerper kan uitlig, moet 'n mens tog baie versigtig daarmee wees. Geen twee situasies is ooit identies nie; die historiese ervaring is per definisie uniek. Dus, om seker te maak dat appels nie met pere vergelyk en 'n verkeerde antwoord verkry word nie, moet die verskille ook verdiskonteer word.

Die belangrikste verskil was sekerlik in die anderste historiese konteks te vinde. Lenin het die mag in Rusland deur 'n staatsgreep te midde van die chaos van oorlog oorgeneem; Hitler het volkome wettig aan die bewind gekom deur 'n koalisieregering waarvan hy aan die

32. H. MAIER, "Totalitäre Herrschaft – Neubesehen", T. NIPPERDEY, A. DOERING-MANTEUFFEL en H-U THAMER (Reds.), *Weltbürgerkrieg der Ideologieen: Antworten an Ernst Nolte. Festschrift zum 70. Geburtstag*, p. 236.

hoof gestaan het. Sy revolusie was een van ’n middestand[33] wat homself eksistensieel bedreig gevoel het, aangedryf deur ’n ekonomiese krisis en nasionale vernedering oor die grief van Versailles. Rusland was destyds ’n half-feodale, taamlik agterlike land met ‘n geskiedenis van woeste en onbeheerste geweld van sowel die staat as opstandelinge. Die Russiese volkskarakter het nie beperkings geken nie; telkens as die wrede staatsverdrukking effens verlig is, het dit uitgeloop op ongebreidelde en chaotiese geweldpleging van onder, wat dan weer met hernieude staatsverdrukking beantwoord is. Duitsland was daarteenoor ’n hoogs geïndustrialiseerde land wat indertyd as hoogs beskaaf beskou is, deel van die Christelik-humanistiese Wes-Europese kultuur.

Dit is waarskynlik die rede vir ‘n tweede verskil, te wete die feit dat die Nazi’s se terreur betreklik langsaam op gang gekom het. Tot 1939 het hulle volgens skatting ‘slegs’ sowat 20 000 politieke teenstanders uit die weg geruim. Tussen dié jaar en 1941 is sowat 70 000 geestelik en liggaamlik gestremdes en oues van dae deur die genadedood-program om die lewe gebring. Pas toe het die massamoord op die Jode en sigeuners behoorlik op dreef gekom.[34]

Daarteenoor het Lenin onmiddellik ná sy gewelddadige magsoorname bloed op groot skaal begin vergiet. Op sy hoogtepunt het tsaar Nikolaas II se geheime polisie, die Ochrana, 15 000 lede gehad. Binne drie maande ná sy stigting in Desember 1917 was die Tsjeka 260 000 sterk. Waar die tsare in die laaste dekades van hul bewind gemiddeld 17 mense per jaar vir alle misdade tereggestel het, het die Tsjeka in 1918-’19 gemiddeld 1 000 per maand weens politieke oortredings alleen om die lewe gebring.[35] Teen die somer van 1921 het die konsentrasiekampe reeds minstens 110 000 gevangenes bevat.[36] Terselfdertyd is etlike honderdduisend mense genadeloos uitgeroei. Ruim twee miljoen het in ’n hongersnood omgekom.[37] Presies hoeveel mense die Tsjeka omgebring het, is nie bekend nie, maar volgens

33. Dis sekerlik waar dat daar aanvanklik ’n beduidende sosialistiese element by die Nazi’s was. Maar ná ’n magstryd wat in die “Nag van die Lang Messe” – die moord op Ernst Röhm en sy aanhangers – in 1934 gekulmineer het, is die sosialistiese inhoud van die Duitse nasionaal-sosialisme op die agtergrond geskuif.

34. S. COURTOIS, “De Misdaden van het Communisme” in S. COURTOIS (Red.), *Zwartboek van het communisme: misdaden, terreur, onderdrukking*, p. 30.

35. P. JOHNSON, *Modern times: a history of the world from the 1920s to the 1990s: A history of the world from the 1920s to the 1990s*, p. 68.

36. N. WERTH, “Een Staat tegen zijn Volk” in S. COURTOIS (Red.), *Zwartboek van het communisme: misdaden, terreur, onderdrukking*, p. 113.

37. S. COURTOIS, “Misdaden van het communisme” in S. COURTOIS (Red.), *Zwartboek van het communisme: misdaden, terreur, onderdrukking*, p. 24.

Orlando Figes kan dit selfs meer wees as die getal wat in die burgeroorlog gesterf het.[38]

’n Derde verskil was geleë in die *aard* van die terreur waarmee albei regimes hul eie mag beveilig het. Kragtens die Nazi-ideologie was *ras* die bepalende faktor; kragtens die kommunistiese filosofie was dit *klas*. Die Nazi’s se terreur was hoofsaaklik gerig teen die Jode, Sigeuners en Slawe – almal groepe wat hulle as minderwaardige rasse beskou het. Die kommuniste se woede was gemik op almal wat nie tot die werkerstand behoort het nie.

Feit is dus dat die Nazi’s se terreur gerig was op diegene wat hulle as *vreemdelinge* beskou het, diegene wat volgens hulle búíte die volksgemeenskap gestaan het. Teen hul eie mense het hulle slegs ’n minimum van terreur gebruik. Die kommuniste se oorlog was primêr teen hul *eie* mense gerig – uit die aard van die saak teen mense wat die ongeluk had om in die verkeerde klas gebore te word, maar ook op volkome willekeurige wyse teen oortuigde kommuniste, ondersteuners van die regime self. In Nazi-Duitsland was die Duitsers betreklik veilig solank hulle hul nie aktief teen die regime verset het nie. In die Sowjet-Unie was níémand sy lewe seker nie. Dit was immers die essensie van Stalin se Groot Terreur in die jare 1936-’38.

Die Israeliese historikus Dan Diner stel dit só:

> In die hoogfase van die Stalinisme was willekeur en angs die elikser van die totalitêre heerskap. Enigiemand kon ’n slagoffer word – teenstanders eweas aanhangers van die regime, beule en vleiers van Stalin, sy lakeie, lede van spesiale eenhede wat met massa-teregstellings besig was, net soos onskuldige burgers en kamerade wat nie wis waarom juis hulle in die meule van die ‘rooi Inkwisisie’ vasgevang was nie ... Gemeet aan dié willekeur, wek die heerskappy van Hitler selfs die indruk van geordende verhoudinge, ja, van regsekerheid. Per slot van rekening was die kriteria van die vervolging, om dit so te stel, objektief. Elkeen kon seker wees van sy lot, só of só. In elk geval kon die ‘volksgenote’ wat nie opposisioneel opgetree het nie, ongesteurd hul daaglikse sake doen. Vir lede van die volksgemeenskap was die regime dus verreweg minder totalitêr as die Stalinistiese Sowjet-Unie vir sý bevolking … Diegene wat van die volksgemeenskap uitgesluit was, is daarteenoor nie in die ongewisse gelaat dat

38. O. FIGES, *A People’s Tragedy* (Pimlico, Londen, 1997), p. 649.

> hulle ongewens was nie … Daar was van willekeur geen spoor nie.[39]

Die vraag is egter hoe prinsipieel dié verskil werklik is. Kyk na dié uitspraak van M. Latsis, een van die hoë amptenare van die Tsjeka, wat dit aan sy mense duidelik gestel het dat hulle

> nie vir getuienis moet soek dat die beskuldigde teen die Sowjets gepraat of opgetree het nie. Eerste moet julle hulle vra tot welke klas hy behoort, wat sy sosiale oorsprong is, sy opvoeding en beroep. Dít is die vrae wat die lot van die beskuldigde moet bepaal. Dít is die betekenis van die Rooi Terreur.[40]

Die *bourgeoisie* en adel is dus outomaties kollektief tot vyande van die staat verklaar. Rakende die suiwering in die suidelike Sowjet-Unie in die jare dertig skryf Diner:

> Paradoksaal het dit ’n beginsel van herkoms gevolg, nie in etniese sin nie, maar betreffende status en maatskaplike posisie van die voorouers – ‘n sosiale genealogie. Dit het ’n ideologiese regverdiging gebied vir die vervolging en bestraffing van beweerde oortreders.[41]

Die Russiese geleerde Joeri Droezjnikof het die verskil só getipeer: Die massamoorde van die Nazi’s was *genoside*; dié van die kommuniste *sosioside*.[42] En dít maak die prinsipiële verskil met die Nazi’s – as daar een is – flenterdun.

Wat dit nóg dunner maak, is dat Stalin se terreur bowendien nie slegs teen klassevyande gerig was nie; ook teen volke as sodanig. Uit vrees dat hulle die Duitse invallers kon verwelkom, het Stalin in 1941 die sogenaamde Wolga-Duitsers – ’n groep wat reeds deur tsarina Elisabeth die Grote in die agtiende eeu na Rusland gehaal is – na Siberië weggevoer en hul outonome republiek opgehef. In 1943-’44 het verskeie ander minderheidsvolke die straf gekry vir hul onentoesiastiese weerstand teen die Duitsers: die een ná die ander is die Kalmoekke, die Tsjetsjene, die Ingoesje, die Karatsjai, die Balkare en die Krim-Tartare na verskeie bestemmings in Sentraal-Asië en

39. Dan Diner, “Gedächtnis und Erkenntnis. Nationalismus und Stalinismus im Vergleichsdiskurs” in *Osteuropa. Zeitschrift für Gegenwartsfragen des Ostens*, 6/2000, p. 703.
40. *Ibid*., pp. 534-535.
41. *Ibid.*, p. 701.
42. Vgl. D. Beyrau, “Nazionalisozialistisches Regime und Stalin-System” in *Osteuropa*, 6/2000, p. 711.

Siberië weggevoer. Altesame twee miljoen mense is so verskuif, van wie etlike tienduisende in die proses gesterf het.[43]

Feit is dus dat terreur 'n intrinsieke, ingeboude kenmerk van albei stelsels was, al was die aard daarvan nie heeltemal identies nie. Dietrich Beyrau meen

> Nasionalistiese mobilisering, haatpropaganda en geweld is nie as 'n beskawingsontsporing en as uitsondering in 'n oorlogsituasie waargeneem nie, maar is as model in die eie stelsel geïntegreer en verder geperfeksioneer. Want hul sentrale etiket was die openlike bereidheid tot geweld.[44]

Bowendien was die terreur van die twee stelsels met 'n naelstring aan mekaar verbind. Alles dui daarop dat Stalin sy terreurbewind van die jare dertig gevorm het na die voorbeeld van Hitler se Nag van die Lang Messe in 1934, toe hy op sekere van sy eie luitenante (van wie Ernst Röhm die belangrikste was) toegeslaan en genadeloos laat vermoor het. Die begin van sy eie terreur het slegs enkele maande later gevolg.[45]

Nog 'n verskil was hul houding ten opsigte van nasionalisme. Die Italiaanse Fasciste en Nazi's het 'n obsessie oor nasionalisme gehad; die kommuniste het die nasionalisme amptelik probeer onderdruk. Maar hoe wesenlik was dié verskil? Richard Pipes haal aan uit 'n toespraak van Mussolini in 1921 in die Italiaanse parlement:

> Tussen ons en die Kommuniste is daar geen politieke affiniteit nie, maar daar is wel 'n intellektuele affiniteit. Soos julle, meen ons 'n gesentraliseerde en unitêre staat is nodig wat 'n ysere dissipline aan alle mense kan opdwing, met dié verskil dat julle dié gevolgtrekking langs die weg van klas bereik, en ons langs die weg van die konsep nasie.[46]

Bowendien het die kommuniste in die praktyk dikwels van die nasionalisme as magsinstrument gebruik gemaak. In Wêreldoorlog II, toe die Duitse aanslag gedreig het om die Sowjet-Unie heeltemal onder die stof te loop, het Stalin nie alleen sy terreurveldtog (tydelik!) gestaak nie, maar ook 'n kragtige beroep op die nasionalisme van die

43. R. CONQUEST, *Stalin: breaker of nations* (Phoenix Giant, Londen, 1998), pp. 258-259.

44. Beyrau, "Nazionalsozialistisches Regime und Stalin-System" in *Osteuropa*, 6/2000, p. 711.

45. F. FURET, *The passing of an illusion: the idea of Communism in the twentieth century*, p. 202.

46. R. PIPES, *Russia under the Bolshevik regime 1919-1924*, p. 252.

Russe gedoen om moedertjie Rusland nie in die steek te laat nie.[47] In noodsituasies het dogma en ideologie minder belangrik as oorlewing geword.

**Wedersydse bewondering**

Dalk een van die beste maniere waarop die intrinsieke affiniteit tussen die fascisme en die kommunisme geïllustreer kan word, is die talle uitlatings van die leiers waarin hulle – weliswaar half onwillig – ’n bewondering vir die meedoënloosheid van die ander weergee.

Mussolini, wat sy politieke loopbaan as sosialis en volgeling van Karl Marx begin het, het ’n groot bewondering vir sowel Lenin as Stalin gehad. In 1932 het hy die affiniteit tussen die Italiaanse fascisme en die kommunisme só beklemtoon: “Wat die hele negatiewe kant betref, is ons soortgelyk. Ons en die Russe is teen die liberale, teen demokrate, teen ’n parlement.” Ses jaar later, terwyl Stalin besig was met sy bloedige suiwering in die Sowjet-Unie, het Mussolini hom die eretitel “geheime Fascis” gegee.[48]

Ook Hitler het Stalin meermale in private gesprekke as “geniaal” bestempel.[49] Op ’n keer het hy sy bewondering uitgespreek vir die “verstommende wyse” waarop die Sowjet-Unie sy werkers benut het “sonder om die humanitêre drome wat in Duitsland gepropageer word, in ag te neem”. Om oor die kommunistiese stelsel te lag, het hy gesê,

> is uitgesproke dom. Die bewapening van die Rooi Leër is die beste bewys daarvoor dat dié stelsel ongehoord suksesvol is in die behandeling van die Russiese werkersmentaliteit.

Oor Stalin het Hitler hom só uitgelaat:

> Ook vir Stalin moet ’n mens onvoorwaardelike respek hê. Hy is op sy eie manier ’n geniale kêrel! Sy voorbeelde soos Djenghis Khan, ensovoorts, ken hy presies, en sy ekonomiese beplanning is só omvattend dat dit slegs deur ons eie vierjaarplanne oortref word. Dit staan … bo alle twyfel dat daar in die USSR, in teenstelling tot die kapitalistiese state soos die VSA, geen werkloses is nie.[50]

---

47. J. LEWIS EN P. WHITEHEAD, *Stalin: a time for judgement* (Methuen, Londen, 1990), p. 129.
48. R. PIPES, *Russia under the Bolshevik regime 1919-1924*, p. 252.
49. Vgl. bv. H. PICKER (Red.), *Hitlers Tischgespräche im Führerhauptquartier* (Ullstein, Berlyn, 1999), pp. 266 en 482. Kyk inskrywings 5.4.1942 en 29.5.1942.
50. *Ibid.*, pp. 648-649. Inskrywing 22.7.1942.

Van sý kant het Stalin in 1934, toe hy hoor hoe Hitler en sy luitenante hul opponente binne die Nazi-beweging in die sogenaamde Nag van die Lang Messe laat uitmoor het, vol bewondering uitgeroep:

> Het julle gehoor wat in Duitsland gebeur het? Hitler, wat ’n vent! Hy weet hoe om met politieke teenstanders om te gaan![51]

Enkele maande later het sy eie terreur ’n aanvang geneem.

Dit alles bewys natuurlik op sigself nie dat Mussolini en Hitler enersyds en Stalin andersyds ideologiese geesgenote was nie. Maar die intrinsieke ooreenkomste in die *wyse* waarop die diktators met die werklikheid omgegaan het, wys dat ekstreme mekaar op die vreemdste tye en plekke kan vind. “Moral nihilism,” is die oordeel van die Britse historikus Hugh Seton-Watson, “is not only the central feature of National Socialism, but also the common factor between it and Bolshevism.”[52]

## Van haat-liefde tot haat

Dit is interessant hoe twee ideologieë wat teoreties mekaar se teenpool was, so pragmaties met mekaar kon saamwerk as dit in hul belang was. Reeds voor die magsoorname van die Bolsjewiste in Rusland was dit vir iemand soos Benito Mussolini, aanvanklik ’n felle aanhanger van die Marxisme, betreklik gemaklik om die sosialisme vir die fascisme te verruil. Trouens, die ideologiese oorgang was nie eens só groot nie: die gedagte van ’n inklusiewe *internasionale* sosialisme het hy vir ’n *nasionale* sosialisme verruil. Die politieke program vir sy nuwe party in 1919 was propvol sosialistiese idees.[53]

Ook as fascistiese diktator het Mussolini nie sy bewondering vir die kommunisme onder stoele en banke weggesteek nie. Hy het ’n hoë agting vir Lenin se “wrede energie” gehad en niks verkeerd in die Bolsjewiste se moord op gyselaars gesien nie. In 1921 het hy veelbetekenend gesê:

> Ek verwerp alle vorms van Bolsjewisme, maar as ek een moet kies, sal dit dié van Moskou en Lenin wees, al is dit slegs omdat sy omvang reusagtig, barbaars, universeel is.[54]

Omgekeerd het die Italiaanse kommuniste hom ook met ’n soort onwillige bewondering bekyk. Sommige lede het hom steeds as ’n

---

51. R. CONQUEST, *Stalin: breaker of nations*, p. 176.

52. Aangehaal in R. CONQUEST, *Reflections on a ravaged century* (W.W. Norton, New York, 2000), p. 64.

53 . Vgl. I. KIRCKPATRICK, *Mussolini: study of a demagogue* (Odhams, Londen, 1964), p. 84.

54. R. PIPES, *Russia under the Bolshevik regime 1919-1924*, p. 252.

"socialisto revolutionaro" beskou[55], en in die algemeen het hulle sy magsoorname in 1923 verwelkom omdat hulle gedink het dit kan die kommunistiese revolusie bevorder.[56]

Daar was, veral aanvanklik, ook 'n aansienlike, soortgelyke affiniteit tussen die Duitse nasionaal-sosialisme en die kommunisme. In die jare twintig het Nazi-leiers soos Josef Goebbels en Gregor Strasser die *sosialisme* in die naam "nasionaal-sosialisme" nogal sterk beklemtoon. In 1929 het Goebbels die Nazi-party byvoorbeeld 'n groep "revolusionêre sosialiste" genoem.[57] Dis dan ook opvallend dat Stalin se Sowjet-Unie in 1933 die eerste staat was wat 'n verdrag met die nuwe Nazi-regime gesluit het.[58] Dit was geen wonder nie, want in dié stadium was Stalin se belangrikste teiken in die buiteland nie die groeiende fascistiese gevaar nie, maar juis die Sosiaal-Demokratiese Party, wat hy minagtend die "sosiaal-fasciste" genoem het. In die Berlynse vervoerstaking van 1932 het die Duitse kommuniste selfs met die Nazi's saamgespan.[59]

Dit is algemeen bekend dat Hitler die eerste weke en maande van sy bewind gebruik het om sy heerskappy te konsolideer deur onder meer die kommuniste en sosiaal-demokrate op groot skaal in hegtenis te neem en in konsentrasiekampe aan te hou. Albei partye is verbied. Sommige is betreklik gou weer vrygelaat; ander het jare in die kampe gebly en daar gesterf. Tog het Stalin geen vinger verroer om sy ideologiese geesgenote te red nie. Selfs 'n jaar ná Hitler se bewindsaanvaarding het hy nog gesê:

> Natuurlik is ons verreweg nie geesdriftig oor die fascistiese regime in Duitsland nie. Maar die fascisme is nie die saak waarom dit gaan nie, al was dit bloot omdat die fascisme in Italië byvoorbeeld nie die Sowjet-Unie daarvan weerhou het om die beste betrekkinge met daardie land te handhaaf nie.[60]

Dié vroeë soeke na vriendskap – al was dit bloot uit eiebelang – het egter nie alte lank geduur nie. Binne 18 maande ná Hitler se magsoorname het Stalin ingesien dat sy vryery na goeie betrekkinge met Hitler nie beantwoord word nie, en het hy opdrag gegee dat kommunistiese partye regoor Europa hul aanvalle op die sosiaal-

---

55. *Ibid.*, p. 251.
56. P. JOHNSON, *Modern times: a history of the world from the 1920s to the 1990s*, p. 99.
57. R. PIPES, *Russia under the Bolshevik regime 1919-1924*, p. 260.
58. J. LEWIS EN P. WHITEHEAD, *Stalin: a time for judgement*, p. 112.
59. A. BULLOCK, *Hitler and Stalin: parallel lives* (Fontana, Londen, 1993), pp. 421-422.
60. *Ibid.*, p. 422.

demokrate moes staak en die fasciste as die belangrikste vyand beskou. Dit het aanleiding gegee tot die sogenaamde Volksfronte in verskeie lande, waarin kommuniste en sosiaal-demokrate saamgewerk het om die groeiende fascistiese bedreiging te beveg.[61]

Tog, politieke bedmaats kan soms heel erg wissel. Met Wêreldoorlog II voor die deur het Hitler en Stalin mekaar op 28 Augustus 1939 opnuut gevind met die sluit van 'n nie-aanvalsverdrag. Hitler wou sy rug na die ooste dek deur te voorkom dat die Sowjet-Unie hom aanval terwyl hy teen Brittanje en Frankryk veg, terwyl Stalin bykomende tyd nodig gehad het om hom voor te berei vir die – soos hy dit gesien het – onafwendbare konflik met die nie-kommunistiese Europese lande. Intussen, het hy gereken, kon Duitsland, Brittanje en Frankryk mekaar soos in Wêreldoorlog I uitput, waarna sy eie kans sou kom: daar is getuienis dat hy van plan was om Duitsland teen 1942 aan te val.[62]

Van Stalin se kant was dit beslis eenvoudig 'n siniese skuif. Daar is geen enkele twyfel nie dat hy die verdrag tussen die twee lande gesien het as 'n tydelike wen van tyd. Volgens sy biograaf, genl. Dmitri Wolkogonof, het hy voor die sluit van die verdrag spesiaal stukke uit Hitler se boek, *Mein Kampf*, gelees, en veral kennis geneem van Hitler se opmerkings oor die noodsaak dat Duitsland ooswaarts (in die rigting van die USSR dus) moet uitbrei. Sy houding tydens die ondertekening van die verdrag in die Kremlin getuig ook van 'n behoorlike sinisme.[63]

Nietemin, die Nazi's was maar te bly oor Stalin se vriendskaplike houding. Joachim von Ribbentrop, Hitler se minister van buitelandse sake, wat die ooreenkoms in Moskou gaan beklink het, het in sy verslag aan Berlyn laat weet dat hy hom tussen die kommuniste "soos tussen ou partygenote gevoel het"[64] – 'n opmerking waaruit blyk dat die fundamentele ooreenkomste met die kommuniste ook nie aan Ribbentrop verbygegaan het nie.

Hoe ook al, die bepalings van die verdrag het die basies immorele en gulsige aard van albei totalitêre diktature goed blootgelê. Afgesien daarvan dat hulle beloof het om mekaar nie aan te val nie (dit was al aspek wat bekend gemaak is), is in die geheim ooreengekom om Oos-Europa onder mekaar te verdeel. Die Sowjet-Unie sou die reg op die drie Baltiese state, die oostelike een derde van Pole en die Roemeense

61. Vgl. E. HOBSBAWM, *The age of extremes: the short twentieth century 1914-1991*, pp. 132-151.

62. Vgl. hieroor W. MASER, *Der Wortbruch: Hitler, Stalin und der Zweite Weltkrieg* (Wilhelm Heyne, München, 1997), passim.

63. Dmitri Volkogonov, *Stalin. Triumph and Tragedy* (Weidenfeld & Nicolson, Londen, 1995), pp. 352 en 386.

64. J. FEST, *Hitler: een biografie, II* (Torenboeken, Baarn, s.j.), p. 255.

provinsie Bessarabië kry (waardeur hy taamlik na aan die ou tsaristiese ryksgrense sou kom), en Duitsland die westelike tweederdes van Pole.[65] Wat die aard van die nuwe bondgenootskap verder goed geïllustreer het, was die feit dat Stalin sonder om te blik of te bloos 570 Duitse kommuniste wat na Moskou uitgewyk het, aan Hitler uitgelewer het.[66]

Die verdrag het natuurlik nie alte lank gehou nie. Op 22 Junie 1941 het Duitse troepe die grens oorgesteek en die Sowjet-Unie binnegeval. Die Duitse troepe sou uiteindelik in Desember 1941 tot by die buitewyke van Moskou en 'n jaar later tot in Stalingrad vorder voordat die oorlog 'n wending geneem het en die Duitsers terug gedryf is. Dié proses het in Mei 1945 ná die dramatiese selfmoord van Hitler in sy bunker onder die Rykskanselary in 'n verwoeste Berlyn geëindig.

## Slotsom

Tussen die fasciste en die kommuniste was daar verskeie inhoudelik ideologiese verskille. Veral Hitler se Nazi's het van hul haat teen die Jode byna 'n fetisj gemaak, iets wat by die tradisioneel eweneens antisemitiese Russiese kommuniste veel minder voorgekom het. Selfs die Italiaanse Fasciste was nie besonderlik anti-semities nie. Tog was daar verskeie fundamentele ooreenkomste in die wyse waarop die twee ideologieë hulle in die praktyk gemanifesteer het, en daar is talle bewyse dat hulle by mekaar afgekyk en van mekaar geleer het.

In 1923, voordat dit politiek korrek geword het om die vyandskap tussen die twee rigtings te beklemtoon, het Nikolai Boecharin, een van Stalin se luitenante, in 'n toespraak gesê:

> Dit is tipies van die Fascistiese strydmetodes dat hulle, meer as enige ander party, die ervarings van die Russiese Revolusie in die praktyk aanvaar en toegepas het … 'n mens sien by hulle 'n volledige toepassing van die Bolsjewistiese taktiek, en veral van die Russiese Bolsjewisme, in die sin van die vinnige konsentrasie van magte [en] energieke aksie van 'n goed gestruktureerde militêre organisasie, in die sin van 'n sekere stelsel om jou magte te ontplooi, mobilisasie, ensovoorts, en die meedoënlose vernietiging van die vyand wanneer dit ook al nodig is en deur die omstandighede geverg word.[67]

---

65. W. Maser, *Der Wortbruch: Hitler, Stalin und der Zweite Weltkrieg*, hoofstuk 1.
66. N. Werth, "Een staat tegen zijn Volk" in Stéphane Courtois (Red.), *Zwartboek van het communisme: misdaden, terreur, onderdrukking*, p. 264.
67. R. Pipes, *Russia under the Bolshevik regime 1919-1924*, p. 253.

Ook Hitler was eerlik oor die saak:

> Ek aarsel nie om te erken dat ek baie van die Marxisme geleer het nie. Ek bedoel nie hul moeisame maatskaplike leer of die materialistiese benadering tot die geskiedenis nie … Maar ek het van hul metodes geleer … Die hele nasionaal-sosialisme is daarop gebaseer. Kyk na die werkers se sportklubs, die nywerheidselle, die massabetogings, die propaganda pamflette wat spesiaal geskryf is sodat die massa dit kan verstaan; al dié nuwe metodes van politieke stryd is basies Marxisties in oorsprong.[68]

Dalk die makaberste punt waar spesifiek die Nazi's van die Russiese kommuniste geleer het, was een wat vandag nog helder en lewend in die mensdom se kollektiewe geheue is. Ná Wêreldoorlog II het Rudolf Hoess, wat as bevelvoerder van die konsentrasiekamp Auschwitz onsterflike berugtheid verwerf het, só getuig:

> Die leiding van die *Sicherheit* het gedetailleerde dokumentasie aan die kampkommandante gestuur oor die Russiese konsentrasiekampe. Op grond van getuienis van ontvlugte gevangenes is daarin tot in die kleinste detail uiteengesit welke omstandighede in die kampe geheers het. Hulle het daarby in die besonder onderstreep dat die Russe hele bevolkings vernietig het deur hulle dwangarbeid te laat verrig.[69]

Dit is dan ook opvallend dat sowel die Nazi-kampe as dié in die Goelag-argipel in die praktyk 'n duidelike ekonomiese nut gehad het. Die gevangenes in albei is gebruik om sekere noodsaaklike werk te verrig: in Duitsland was dit veral slawe-arbeid in fabrieke; in die Sowjet-Unie was dit slawe-arbeid om die infrastruktuur in dié ontsaglike land te skep of in myne.

Die Duitse historikus Ernst Nolte het dus waarskynlik reg as hy skryf: "Die bolsjewisme was vir die nasionaal-sosialisme skrikbeeld en voorbeeld tegelyk."[70]

Uiteindelik het in die omgewing van ses miljoen Jode in Hitler se kampe omgekom. Stalin se kampe was saam met die res van sy terreurmaatreëls en die kunsmatig teweeg gebragte hongersnode vir

---

68. *Ibid.*, p. 259.

69. S. COURTOIS, "De Misdaden van het Communisme" in S. COURTOIS (Red.), *Zwartboek van het communisme: misdaden, terreur, onderdrukking*, p. 31.

70. T. NIPPERDEY, A. DOERING-MANTEUFFEL en H-U THAMER (Reds.), *Weltbürgerkrieg der Ideologieen: Antworten an Ernst Nolte. Festschrift zum 70. Geburtstag*, p. 219.

die dood van 15-16 miljoen mense verantwoordelik.[71] Ondanks die onbetwisbare inhoudelik ideologiese verskille was daar rakende die wyse waarop hul regimes hulle in die praktyk gemanifesteer het, geen wesenlike verskille tussen die twee nie. Alan Bullock skryf:

> The style was different, but the nature of the power they exercised was the same, personal power inherent in the man, not the office … What personal rule meant was that both men were able to decide … anything which they chose to; that they were free to reach decisions without consulting anyone else, without seeking the agreement of, or account to, anyone else; that there were no rival centres of power, no effective opposition; that they were not bound by the law and were unlikely to be affected by appeals to conscience, sentiment or pity. Finally each had – in the NKVD and the SS-Gestapo – instruments specially created to carry out such arbitrary descions, responsible solely to them personally and licensed to use any degree of force necessary including torture and death, without regard to the law or the courts.[72]

Dit is nie die taak van die historikus om te spekuleer wie nou eintlik die ergste was nie; ’n mens kan jou in elk geval eweseer afvra hoeveel engele op die punt van ’n naald kan dans. Uit morele oogpunt was hulle in hul boosheid gelyk. Hulle was inderdaad voëls van eenderse vere.

## Abstract

### Birds of a feather: totalitarian ideologies in the twentieth century

For various reasons it has long been taboo to name communism and national socialism in the same breath or to compare them. Since the publication of Stéphane Courtois’ sensational book about the crimes of communism in 1997 this is, however, being done more and more. In this article the comparison is made by looking at the systemic resemblances and differences, the natural affinity that leaders like Hitler and Mussolini on the one hand and Stalin on the other displayed towards each other, and the easy way in which they exchanged their enmity for cooperation. The conclusion is that there were indeed differences in content, but that the way in which they manifested themselves in practice, the mentality behind the ideologies, showed great similarities.

---

71. Kyk R. CONQUEST, *Stalin: breaker of nations*, p. 324.
72. A. BULLOCK, *Hitler and Stalin: parallel lives*, pp. 691-692.